



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette

No. 9786

Regulasiekoerant

Vol. 565

Pretoria, 13 July 2012

No. 35501

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS**INHOUD**

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>
GOVERNMENT NOTICES			GOEWERMENSKENNISGEWINGS		
Agriculture, Forestry and Fisheries, Department of			Landbou, Bosbou en Visserye, Departement van		
<i>Government Notices</i>			<i>Goewermentskennisgewings</i>		
R. 525			R. 525		
Liquor Products Act (60/1989): Regula-			Wet op Drankprodukte (60/1989):		
tions: Amendment	4	35501	Regulasies: Wysiging	16	35501
R. 526			R. 526		
do.: Wine of Origin Scheme: Amendment	28	35501	do.: Wyn van Oorsprong-skema: Wysiging	32	35501
R. 527			R. 527		
do.: Limitation on the use of certain par-			do.: Beperking op die gebruik van sekere		
ticulars in connection with the sale of			besonderhede in verband met die		
liquor products: Amendment	36	35501	verkoop van drankprodukte: Wysiging	38	35501

IMPORTANT ANNOUNCEMENT

Closing times **PRIOR TO PUBLIC HOLIDAYS** for
GOVERNMENT NOTICES, GENERAL NOTICES,
REGULATION NOTICES AND PROCLAMATIONS

2012

The closing time is **15:00** sharp on the following days:

- ▶ **2 August**, Thursday, for the issue of Friday **10 August 2012**
- ▶ **20 September**, Thursday, for the issue of Friday **28 September 2012**
- ▶ **13 December**, Thursday, for the issue of Friday **21 December 2012**
- ▶ **18 December**, Tuesday, for the issue of Friday **28 December 2012**
- ▶ **21 December**, Friday, for the issue of Friday **4 January 2013**

Late notices will be published in the subsequent issue, if under special circumstances, a late notice is accepted, a double tariff will be charged

The copy for a SEPARATE *Government Gazette* must be handed in not later than three calendar weeks before date of publication

BELANGRIKE AANKONDIGING

Sluitingstye **VOOR VAKANSIEDAE** vir
GOEWERMENTS-, ALGEMENE- & REGULASIE-
KENNISGEWINGS ASOOK PROKLAMASIES

2012

Die sluitingstyd is stiptelik **15:00** op die volgende dae:

- ▶ **2 Augustus**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **10 Augustus 2012**
- ▶ **20 September**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **28 Desember 2012**
- ▶ **13 Desember**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **21 Desember 2012**
- ▶ **18 Desember**, Dinsdag, vir die uitgawe van Vrydag **28 Desember 2012**
- ▶ **21 Desember**, Vrydag, vir die uitgawe van Vrydag **4 Januarie 2013**

Laat kennisgewings sal in die daaropvolgende uitgawe geplaas word. Indien 'n laat kennisgewing wel, onder spesiale omstandighede, aanvaar word, sal 'n dubbeltarief gehef word

Wanneer 'n APARTE *Staatskoerant* verlang word moet die kopie drie kalenderweke voor publikasie ingedien word

GOVERNMENT NOTICES
GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTMENT OF AGRICULTURE, FORESTRY AND FISHERIES
DEPARTEMENT VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

No. R. 525

13 July 2012

LIQUOR PRODUCTS ACT, 1989
(ACT No. 60 OF 1989)

REGULATIONS: AMENDMENT

The Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries has, under section 27 of the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989), made the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

Definition

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 1433 of 29 June 1990, as amended by Government Notices Nos. R. 838 of 19 April 1991, R. 2841 of 29 November 1991, R. 2079 of 24 July 1992, R. 2593 of 11 September 1992, R. 2791 of 2 October 1992, R. 3152 of 20 November 1992, R. 1376 of 30 July 1993, R. 2350 of 10 December 1993, R. 356 of 25 February 1994, R. 636 of 8 April 1994, R. 1022 of 27 May 1994, R. 2242 of 23 December 1994, R. 394 of 17 March 1995, R. 1695 of 3 November 1995, R. 1876 of 8 December 1995, R. 501 of 29 March 1996, R. 1038 of 8 August 1997, R. 1141 of 29 August 1997, R. 833 of 26 June 1998, R. 1078 of 28 August 1998, R. 24 of 8 January 1999, R. 70 of 22 January 1999, R. 672 of 28 May 1999, R. 951 of 6 August 1999, R. 21 of 12 January 2001, R. 349 of 20 April 2001, R. 678 of 27 July 2001, R. 343 of 7 March 2003, R. 77 of 3 February 2006, R. 814 of 11 August 2006, R. 846 of 14 September 2007, R. 171 of 15 February 2008, R. 555 of 22 May 2009 and R. 413 of 21 May 2010.

Amendment of regulation 10 of the Regulations

2. Regulation 10 of the Regulations is hereby amended by the deletion of paragraph (b).

Amendment of regulation 12 of the Regulations

3. Regulation 12 of the Regulations is hereby amended by the deletion of paragraph (c) of subregulation (1).

Amendment of regulation 13 of the Regulations

4. Regulation 13 of the Regulations is hereby amended –

- (a) by the substitution for paragraph (a) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(a) wine spirit distilled from the fermented juice of the product of the vine to an alcohol content of at least 60 per cent; or"; and

- (b) by the deletion of subparagraph (iii) of paragraph (b) of subregulation (1).

Amendment of regulation 33 of the Regulations

5. Regulation 33 of the Regulations is hereby amended –

- (a) by the insertion of the following paragraph after paragraph (f) of subregulation (1):

"(g) The lot identification of that liquor product as required in regulation 38B."; and

- (b) by the insertion of the following paragraph after paragraph (e) of subregulation (2):

"(f) The indication of the lot identification is –

(i) only required in respect of a liquor product filled after 30 June 2012; and

(ii) not required for a wine with a certification seal."

Amendment of regulation 34 of the Regulations

6. Regulation 34 of the Regulations is hereby amended –

(a) by the substitution for paragraph (a) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(a) indicated in the same field of vision on one or more labels which are permanently attached to the container concerned: Provided that the expression referred to in regulation 33(1)(e) and the lot identification referred to in regulation 33(1)(f) need not be indicated in the same field of vision as the other particulars referred to in regulation 33(1);"; and

(b) by the substitution for subregulation (3) of the following subregulation:

"(3) (a) A label printed before 1 January 1996 and which complies with the requirements of these regulations as applied before 1 October 1995, is regarded as complying with the provisions of this regulation.

(b) The provisions of paragraph (c)(i), (ii) and (v) of subregulation (1) do not apply to the lot identification referred to in regulation 33(1)(f)."

Amendment of regulation 35 of the Regulations

7. Regulation 35 of the Regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (aA) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(aA) (i) If the residual sugar content of a sparkling wine justifies the use of more than one of the class designations specified in items 10a, 10b, 10c, 11, 12 and 13 of Table 2, only one such class designation may be used on the labels of that sparkling wine.

(ii) Without prejudice to the residual sugar content requirements of the classes of sparkling wine specified in items 10a, 10b, 10c, 11, 12, 13 and 14 of Table 2, the residual sugar content may not differ by more than 3 grams per litre from what appears on a label of such a class of sparkling wine."

Insertion of regulation 38B in the Regulations

8. The following regulation is hereby inserted after regulation 38A of the Regulations:

"Indication of lot identification [11(1); 27(1)(a)]

38B. (1) For the purposes of this regulation "lot" means a batch of sales units of a liquor product produced, manufactured or packaged under practically the same conditions.

(2) The lot identification shall consist of any indication or mark identifying the lot to which a liquor product belongs, preceded by the letter "L".

Amendment of regulation 41 of the Regulations

9. Regulation 41 of the Regulations is hereby amended –

(a) by the substitution for subparagraph (iii) of paragraph (b) of subregulation (3) of the following subparagraph:

"(iii) after filling and final closure, have an oxygen permeability not exceeding the limit, expressed as cubic centimetres of oxygen and measured in a 24 hour period at a temperature of 23 degrees Celsius in an atmosphere with a relative humidity of 50 per cent, set out in column 2 of the Table below for the container capacity specified in column 1 opposite thereto; and"; and

(b) by the substitution for paragraph (d) of subregulation (4) of the following paragraph:

"(d) after filling and final closure, have an oxygen permeability not exceeding the limit, expressed as cubic centimetres of oxygen and measured in a 24 hour period at a temperature of 23 degrees Celsius in an atmosphere with a relative humidity of 50 per cent, set out in column 2 of the Table below for the container capacity set out in column 1 opposite thereto."

Amendment of regulation 62 of the Regulations

10. Regulation 62 of the Regulations is hereby amended –

(a) by the substitution for paragraph (a) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(a) when forwarded by post, be addressed to the Administering Officer (Act No. 60 of 1989), Directorate: Food Safety and Quality Assurance, Division: Liquor Products, Private Bag X5015, STELLENBOSCH, 7599; and"; and

(b) by the substitution for paragraph (b) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(b) when forwarded to rail or delivered by hand be delivered to -

The Administering Officer (Act No. 60 of 1989)
Directorate: Food Safety and Quality Assurance, Division: Liquor products
Plant Quarantine Station
Polkadraai Road
STELLENBOSCH 7600."

Amendment of Table 1 of the Regulations

11. Table 1 of the Regulations is hereby amended –

(a) by the substitution for the entry "Durif" of the entry "Durif (Petite Sirah)";

(b) by the substitution for the entry "Mourvèdre (Mataro)" of the entry "Mourvèdre (Mataro; Monastrell; Monastrel)"; and

(c) by the insertion in the alphabetically correct places of the entries "Graciano", "Grasa de Cotnari", "Irsay Olivier" and "Viura".

Amendment of Table 2 of the Regulations

12. Table 2 of the Regulations is hereby amended by the substitution in columns 1 and 2 for the entries numbered 10c, 11, 12 and 13 of the following entries:

Class	Specific requirements
1	2
"10c. Brut sparkling wine	1. The residual sugar content of the product shall be less than 12,0 gram per litre. 2. See note 1.
11. Extra dry sparkling wine	1. The residual sugar content of the product shall be more than 12,0 gram per litre, but less than 17,0 gram per litre. 2. See note 1.
12. Dry sparkling wine	1. The residual sugar content of the product shall be more than 17,0 gram per litre, but less than 32,0 gram per litre. 2. See note 1.
13. Semi-sweet sparkling wine	1. The residual sugar content of the product shall be more than 32,0 gram per litre, but less than 50,0 gram per litre. 2. See note 1."

Amendment of Table 6 of the Regulations

13. Table 6 of the Regulations is hereby amended –

- (a) by the substitution for the entries in columns 2 and 3 opposite the substance "Carboxy methyl cellulose" in column 1 of the following entries:

Liquor products to which substance may be added	Manner and conditions of addition
2	3
"Grape-based liquor (excluding grape liquor); wine	Not more than 100 <i>mg/l</i> of this substance may be added to wine.";

- (b) by the substitution for the entry in column 3 opposite the substance "Concentrated must" in column 1 of the following entry:

Manner and conditions of addition
3
<p>"1. In unreconstituted form, this substance may –</p> <p>(a) in the case of wine of the classes specified in items 27 to 34 of Table 2, be added only as allowed in that Table;</p> <p>(b) in the case of other wine, be added before or during alcoholic fermentation and on condition that -</p> <p style="padding-left: 40px;">(i) the volume of the must to which it is added may not increase by more than 5 per cent as a result of such addition; and</p> <p style="padding-left: 40px;">(ii) the total (actual plus potential) alcohol content of the final product may not increase by more than 2 per cent as a result of such addition;</p> <p>(c) otherwise, only be added after completion or termination of alcoholic fermentation; and</p> <p>(d) in the case of the spirits specified in column 2, only be added to such extent that the sugar content of the final product, calculated as reducing sugar, does not exceed 15 g/l.</p> <p>2. In reconstituted form, this substance may –</p> <p>(a) only be added to wine or a grape-based liquor, either before, during or after alcoholic fermentation;</p> <p>(b) in the case of wine, only be added to wine not intended for certification and on condition that -</p> <p style="padding-left: 40px;">(i) it shall not be reconstituted to below 20 degrees Balling;</p> <p style="padding-left: 40px;">(ii) notice, which shall include the volume of water to be used and the degrees Balling of</p>

the concentrated must concerned, shall be given to the administering officer at least 24 hours prior to commencement of reconstitution;

(iii) reconstitution shall not commence unless approved by the administering officer;

(iv) any further reconstitution shall be subject to the conditions set out in subparagraphs (i), (ii) and (iii) of this paragraph;

(v) after alcoholic fermentation and any sweetening of the wine concerned, the wine shall be analysed for alcohol and residual sugar content and such analyses shall be kept and maintained on record for a period of at least five years.";

(c) by the substitution for the entry in column 3 opposite the substance "Pimarizin" in column 1 of the following entry:

Manner and conditions of addition
3
"This substance may –
(a) not be added to wine intended for certification;
(b) in the case of other wine, only be added until 31 December 2013 and may only be added in bottling or filling containers and only on bottling or filling premises.";

(d) by the substitution for the entries in columns 2 and 3 opposite the substance "Water" in column 1 of the following entries:

Liquor products to which substance may be added	Manner and conditions of addition
2	3
"Spirits; grape-based liquor; spirit-based liquor; alcoholic fruit beverage	...";

(e) by the insertion after the last row of entries of the following entries in columns 1 and 2:

Name of substance	Liquor products to which substance may be added
1	2
"Yeast mannoproteins	Wine".

Substitution of Table 7 of the Regulations

14. The following Table is hereby substituted for Table 7 of the Regulations:

"TABLE 7

SUBSTANCES WHICH MAY BE REMOVED FROM LIQUOR PRODUCTS

[Reg. 31]

Name of substance	Liquor products from which substance may be removed	Manner and conditions of removal
1	2	3
Alcohol	Grape-based liquor; wine; alcoholic fruit beverage	By means of physical separation techniques and, in the case of wine, in accordance with the provisions of note 1.
Bacteria and fungi	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	By means of ultraviolet radiation on condition that, in the case of wine, the treated wine shall have a vinous character.

Cloudiness, colouring agents and proteins	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	<p>By means of -</p> <p>(a) pasteurisation or cold stabilisation or, in the case of a grape-based liquor or alcoholic fruit beverage, also filtration or ion exchange resins; or</p> <p>(b) treatment with any of the applicable substances listed in column 1 of Table 6, under the applicable manner and conditions of addition set out in column 3 of that table.</p>
Heavy metals	Wine; alcoholic fruit beverage; spirits; grape-based liquor	By means of treatment with potassium ferro cyanide in accordance with the provisions of regulation 31(4) or, in the case of an alcoholic fruit beverage or grape-based liquor, also ion exchange resins.
Organic acids	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	By means of cold stabilisation or treatment with any of the applicable substances listed in column 1 of Table 6, under the applicable manner and conditions of addition set out in column 3 of that table, or in the case of an alcoholic fruit beverage or grape-based liquor, also ion exchange resins.
Sulphur dioxide	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	By means of physical processes or treatment with any of the applicable substances listed in column 1 of Table 6, under the applicable manner and conditions of addition set out in column 3 of that table. In the case of wine, such physical processes may only be used on the must intended for wine.

Tartrates and other substances which could affect the stability of a liquor product	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	By means of - (a) cold stabilisation or, in the case of a grape-based liquor or alcoholic fruit beverage, also membrane diffusion or ion exchange resins; (b) treatment with any of the applicable substances listed in column 1 of Table 6, under the applicable manner and conditions of addition set out in column 3 of that table; or (c) electrodialysis treatment in accordance with the provisions of note 2.
Undesirable flavours	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	By means of treatment with any of the applicable substances listed in column 1 of Table 6, under the applicable manner and conditions of addition set out in column 3 of that table, or, in the case of an alcoholic fruit beverage or grape-based liquor, also ion exchange resins.
Volatile Acid	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	By means of physical separation techniques followed by ion exchange resins.
Water	Wine; alcoholic fruit beverage; grape-based liquor	By means of physical separation techniques. In the case of wine, this substance may only be removed from the must intended for wine.

Notes:

1. (a) The treated wine shall have a vinous character.
- (b) No water or other substance other than that contained in the original wine prior to processing may be returned to the wine being treated.
- (c) Treatment of the original wine may not commence unless prior written notification thereof was given to the administering officer and the customs and excise officer concerned, and the administering officer has taken a sample of the original wine.

-
- (d) Comprehensive records, ensuring full traceability from the original wine to the treated wine of all actions, processes and substances involved, shall, to the satisfaction of the administering officer, be kept by all involved parties.
 - (e) A treated wine may not be bottled or sold unless prior written notification thereof was given to the administering officer and the administering officer has given written permission for the treated wine to be bottled or sold, irrespective whether the administering officer has taken a sample of the treated wine or not.
- 2.
- (a) This treatment shall be a physical method for the extraction of ions in super-saturation in the product under the action of an electric field with the help of membranes permeable only to anions on the one hand, and membranes permeable only to cations on the other hand.
 - (b) The membranes shall be arranged alternately in a system typical of a filter-press or any other appropriate system, that establishes compartments of processing (product) and concentration (reject water).
 - (c) Cation exchange membranes shall be adapted to the extraction of only cations and in particular: K^+ , Ca^{++} .
 - (d) Anion exchange membranes shall be adapted to the extraction of only anions and especially of tartrate anions.
 - (e) The equipment used shall be operated under a control system that takes into account the instability of each product in such a way that only the super-saturation in potassium hydrogen tartrate and in salts of calcium is eliminated.
 - (f) The implementation of the process shall be under the responsibility of an oenologist or specialist technician."

No. R. 525

13 Julie 2012

WET OP DRANKPRODUKTE, 1989
(WET No. 60 VAN 1989)

REGULASIES : WYSIGING

Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye het kragtens artikel 27 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken “die Regulasies” die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1433 van 29 Junie 1990 soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R. 838 van 19 April 1991, R. 2841 van 29 November 1991, R. 2079 van 24 Julie 1992, R. 2593 van 11 September 1992, R. 2791 van 2 Oktober 1992, R. 3152 van 20 November 1992, R. 1376 van 30 Julie 1993, R. 2350 van 10 Desember 1993, R. 356 van 25 Februarie 1994, R. 636 van 8 April 1994, R. 1022 van 27 Mei 1994, R. 2242 van 23 Desember 1994, R. 394 van 17 Maart 1995, R. 1695 van 3 November 1995, R. 1876 van 8 Desember 1995, R. 501 van 29 Maart 1996, R. 1038 van 8 Augustus 1997, R. 1141 van 29 Augustus 1997, R. 833 van 26 Junie 1998, R. 1078 van 28 Augustus 1998, R. 24 van 8 Januarie 1999, R. 70 van 22 Januarie 1999, R. 672 van 28 Mei 1999, R. 951 van 6 Augustus 1999, R. 21 van 12 Januarie 2001, R. 349 van 20 April 2001, R. 678 van 27 Julie 2001, R. 343 van 7 Maart 2003, R. 77 van 3 Februarie 2006, R. 814 van 11 Augustus 2006, R. 846 van 14 September 2007, R. 171 van 15 Februarie 2008, R. 555 van 22 Mei 2009 en R. 413 van 21 Mei 2010.

Wysiging van regulasie 10 van die Regulasies

2. Regulasie 10 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (b) te skrap.

Wysiging van regulasie 12 van die Regulasies

3. Regulasie 12 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subregulasie (1) te skrap.

Wysiging van regulasie 13 van die Regulasies

4. Regulasie 13 van die Regulasies word hierby gewysig –
- (a) deur paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- "(a) wynspiritus gedistilleer uit die gegiste sap van die produk van die wingerdstok tot minstens 60 persent alkoholinhoud; of"; en
- (b) deur subparagraaf (iii) van paragraaf (b) van subregulasie (1) te skrap.

Wysiging van regulasie 33 van die Regulasies

5. Regulasie 33 van die Regulasies word hierby gewysig –
- (a) deur die volgende paragraaf na paragraaf (f) van subregulasie (1) in te voeg:
- "(g) Die lotidentifikasie van daardie drankprodukt soos in regulasie 38B vereis."; en
- (b) deur die volgende paragraaf na paragraaf (e) van subregulasie (2) in te voeg:
- "(f) Die aanduiding van die lotidentifikasie word –
- (i) slegs vereis ten opsigte van 'n drankprodukt gevul na 30 Junie 2012; en
- (ii) nie vereis vir 'n wyn met 'n sertifiseringseël nie."

Wysiging van regulasie 34 van die Regulasies

6. Regulasie 34 van die Regulasies word hierby gewysig –

(a) deur paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) aangedui word in dieselfde sigveld op een of meer etikette wat permanent op die betrokke houer aangebring is: Met dien verstande dat die uitdrukking in regulasie 33(1)(e) bedoel en die lotidentifikasie in regulasie 33(1)(f) bedoel, nie in dieselfde sigveld as die ander besonderhede in regulasie 33(1) bedoel, aangedui hoef te word;" en

(b) deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) (a) 'n Etiket wat gedruk is voor 1 Januarie 1996 en wat voldoen aan die vereistes van hierdie regulasies soos toegepas voor 1 Oktober 1995, word beskou as dat dit voldoen aan die bepalings van hierdie regulasie.

(b) Die bepalings van paragraaf (c)(i), (ii) en (v) van subregulasie (1) is nie van toepassing op die lotidentifikasie in regulasie 33(1)(f) bedoel, nie."

Wysiging van regulasie 35 van die Regulasies

7. Regulasie 35 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (aA) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(aA) (i) Indien die ressuikerinhoud van 'n vonkelwyn die gebruik van meer as een van die klasbenamings in items 10a, 10b, 10c, 11, 12 en 13 van Tabel 2 vermeld, regverdig, mag slegs een sodanige klasbenaming op die etikette van daardie vonkelwyn gebruik word.

(ii) Sonder benadeling van die ressuikerinhoudvereistes van die klasse vonkelwyn in items 10a, 10b, 10c, 11, 12, 13 en 14 van Tabel 2 vermeld, mag die ressuikerinhoud met nie meer as 3 gram per liter verskil van wat op 'n etiket van so 'n klas vonkelwyn verskyn nie."

Invoeging van regulasie 38B in die Regulasies

8. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 38A van die Regulasies ingevoeg:

"Aanduiding van lotidentifikasie [11(1); 27(1)(a)]

- 38B. (1) Vir die doeleindes van hierdie regulasie beteken "lot" 'n bondel verkoopseenhede van 'n drankprodukt wat in praktiese sin onder dieselfde omstandighede produseer, vervaardig of verpak is.
- (2) Die lotidentifikasie moet bestaan uit enige aanduiding of merk wat die lot waartoe 'n drankprodukt behoort, identifiseer, voorafgegaan deur die letter "L".

Wysiging van regulasie 41 van die Regulasies

9. Regulasie 41 van die Regulasies word hierby gewysig –
- (a) deur subparagraaf (iii) van paragraaf (b) van subregulasie (3) deur die volgende subparagraaf te vervang:
- "(iii) na vulling en finale sluiting, 'n suurstofdeurlaatbaarheid hê wat nie die perk, uitgedruk as kubieke sentimeter en gemeet in 'n 24 uur periode teen 'n temperatuur van 23 grade Celsius in 'n atmosfeer met 'n relatiewe humiditeit van 50 persent, uiteengesit in kolom 2 van die onderstaande Tabel vir die houerinhoudsmaat in kolom 1 daarteenoor vermeld, mag oorskry nie; en"; en
- (b) deur paragraaf (d) van subregulasie (4) deur die volgende paragraaf te vervang:
- "(d) na vulling en finale sluiting, 'n suurstofdeurlaatbaarheid hê wat nie die perk, uitgedruk as kubieke sentimeter en gemeet in 'n 24 uur periode teen 'n temperatuur van 23 grade Celsius in 'n atmosfeer met 'n relatiewe humiditeit van 50 persent, uiteengesit in kolom 2 van die onderstaande Tabel vir die houerinhoudsmaat in kolom 1 daarteenoor vermeld, mag oorskry nie."

Wysiging van regulasie 62 van die Regulasies

10. Regulasie 62 van die Regulasies word hierby gewysig –

(a) deur paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) wanneer per pos gestuur, geadresseer wees aan die Beherende Amptenaar (Wet No. 60 van 1989), Direkoraat: Voedselveiligheid en Gehalteversekering, Afdeling: Drankprodukte, Privaatsak X5015, STELLENBOSCH, 7599; en"; en

(b) deur paragraaf (b) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) wanneer per spoor versend of per hand afgelewer, afgelewer word by -

Die Beherende Amptenaar (Wet No. 60 van 1989)

Direkoraat: Voedselveiligheid en Gehalteversekering, Afdeling: Drankprodukte

Plantkwarantynstasie

Polkadraaiweg

STELLENBOSCH, 7600.".

Wysiging van Tabel 1 van die Regulasies

11. Tabel 1 van die Regulasies word hierby gewysig –

(a) deur die inskrywing "Durif" deur die inskrywing "Durif (Petite Sirah) te vervang";

(b) deur die inskrywing "Mourvèdre (Mataro)" deur die inskrywing "Mourvèdre (Mataro; Monastrell; Monastrel)" te vervang; en

(c) deur die inskrywings "Graciano", "Grasa de Cotnari", "Irsay Olivier" en "Viura" op die alfabeties korrekte plekke in te voeg.

Wysiging van Tabel 2 van die Regulasies

12. Tabel 2 van die Regulasies word hierby gewysig deur die inskrywings genommer 10c, 11, 12 en 13 in kolom 1 en 2 deur die volgende inskrywings te vervang:

Klas	Spesifieke vereistes
1	2
"10c. Brut vonkelwyn	1. Die ressuikerinhoud van die produk moet minder as 12,0 gram per liter wees. 2. Sien nota 1.
11. Eksta-droë vonkelwyn	1. Die ressuikerinhoud van die produk moet meer wees as 12,0 gram per liter, maar minder as 17,0 gram per liter. 2. Sien nota 1.
12. Droë vonkelwyn	1. Die ressuikerinhoud van die produk moet meer wees as 17,0 gram per liter, maar minder as 32,0 gram per liter. 2. Sien nota 1.
13. Semi-soet vonkelwyn	1. Die ressuikerinhoud van die produk moet meer wees as 32,0 gram per liter, maar minder as 50,0 gram per liter. 2. Sien nota 1."

Wysiging van Tabel 6 van die Regulasies

13. Tabel 6 van die Regulasies word hierby gewysig –

- (a) deur die inskrywings in kolom 2 en 3 teenoor die stof "Karboksiemetielsellulose" in kolom 1 deur die volgende inskrywings te vervang:

Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word	Wyse en voorwaardes van byvoeging
2	3
"Druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); wyn	Nie meer as 100 mg/l van hierdie stof mag by wyn gevoeg word nie.";

- (b) deur die inskrywing in kolom 3 teenoor die stof "Gekonsentreerde mos" in kolom 1 deur die volgende inskrywing te vervang:

Wyse en voorwaardes van byvoeging**3**

"1. In onrekonstitueerde vorm mag hierdie stof -

(a) in die geval van wyn van die klasse in items 27 tot 34 van Tabel 2 vermeld, slegs bygevoeg word soos in daardie Tabel toegelaat;

(b) in die geval van ander wyn, voor of tydens alkoholiese gisting bygevoeg word en op voorwaarde dat -

(i) die volume van die mos waarby dit gevoeg word nie met meer as 5 persent mag verhoog as gevolg van sodanige byvoeging nie; en

(ii) die totale (werklike plus potensiële) alkoholgehalte van die finale produk nie as gevolg van sodanige byvoeging met meer as 2 persent per volume mag verhoog nie;

(c) andersins, slegs na voltooiing of beëindiging van alkoholiese gisting bygevoeg word; en

(d) in die geval van die spiritualieë in kolom 2 vermeld, slegs tot so 'n mate bygevoeg word dat die suikerinhoud van die finale produk, bereken as reduserende suiker, nie 15 g/l oorskry nie.

2. In rekonstitueerde vorm mag hierdie stof –

(a) slegs by wyn of 'n druifbasisdrank gevoeg word, hetsy voor, tydens of na alkoholiese gisting;

(b) in die geval van wyn, slegs by wyn nie bestem vir sertifisering nie, gevoeg word en op voorwaarde dat -

(i) dit nie tot onder 20 grade Balling rekonstitueer word nie;

(ii) kennis wat die volume water gebruik te word en die grade Balling van die betrokke gekonsentreerde mos moet insluit, moet aan die beherende amptenaar gegee word minstens 24 uur voor die aanvang van rekonstituering;

- (iii) rekonstituering mag nie 'n aanvang neem tensy goedgekeur deur die beherende amptenaar nie;
- (iv) enige verdere rekonstituering is onderworpe aan die voorwaardes in subparagrafe (i), (ii) en (iii) van hierdie paragraaf uiteengesit;
- (v) na alkoholiese gisting en enige versoeting van die betrokke wyn, moet die wyn ontleed word vir alkohol en ressuiker en sodanige ontledings moet vir 'n tydperk van minstens vyf jaar op rekord gehou word.";

- (c) deur die inskrywing in kolom 3 teenoor die stof "Pimarisien" in kolom 1 deur die volgende inskrywing te vervang:

Wyse en voorwaardes van byvoeging
3
"Hierdie stof mag –
(a) nie by wyn bestem vir sertifisering, gevoeg word nie;
(b) in die geval van ander wyn, slegs bygevoeg word tot 31 Desember 2013 en mag slegs bygevoeg word in bottelings- of vullinghouers en slegs op bottelings- of vullingpersele.";

- (d) deur die inskrywings in kolom 2 en 3 teenoor die stof "Water" in kolom 1 deur die volgende inskrywings te vervang:

Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word	Wyse en voorwaardes van byvoeging
2	3
"Spiritualieë; druifbasisdrank; spiritusbasisdrank; alkoholiese vrugtedrank	...";

- (e) deur die volgende inskrywings in kolomme 1 en 2 op die alfabeties korrekte plek in te voeg:

Naam van stof	Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word
1	2
"Gismannoproteïne	Wyn".

Vervanging van Tabel 7 van die Regulasies

14. Tabel 7 van die Regulasies word hierby deur die volgende Tabel vervang:

"TABEL 7

STOWWE WAT UIT DRANKPRODUKTE VERWYDER MAG WORD

[Reg. 31]

Naam van stof	Drankprodukte waaruit stof verwyder mag word	Wyse en voorwaardes van verwydering
1	2	3
Alkohol	Druifbasisdrank; wyn; alkoholiese vrugtedrank	Deur middel van fisiese skeidingstegnieke en, in die geval van wyn, ooreenkomstig die bepalings van nota 1.
Bakterieë en fungi	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van ultravioletbestraling op voorwaarde dat, in die geval van wyn, die behandelde wyn 'n wynkarakter moet hê.
Ongewenste geure	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van behandeling met enige van die toepaslike stowwe in kolom 1 van Tabel 6 gelys, onder die toepaslike wyse en voorwaardes van byvoeging in kolom 3 van daardie tabel vermeld, of, in die geval van 'n alkoholiese vrugtedrank of druifbasisdrank, ook ionuitruilingsharse.

Organiese sure	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van koue stabilisasie of behandeling met enige van die toepaslike stowwe in kolom 1 van Tabel 6 gelys, onder die toepaslike wyse en voorwaardes van byvoeging in kolom 3 van daardie tabel vermeld, of, in die geval van 'n alkoholiese vrugtedrank of druifbasisdrank, ook ionuitruilingsharse.
Swaarmetale	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van behandeling met kaliumferrosianied ooreenkomstig die bepalings van regulasie 31(4) of, in die geval van 'n alkoholiese vrugtedrank of druifbasisdrank, ook ionuitruilingsharse.
Swaweldioksied	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van fisiese prosesse of behandeling met enige van die toepaslike stowwe in kolom 1 van Tabel 6 gelys, onder die toepaslike wyse en voorwaardes van byvoeging in kolom 3 van daardie tabel vermeld. In die geval van wyn, mag sodanige fisiese prosesse slegs gebruik word op die mos bestem vir wyn.
Tartrate en ander stowwe wat die stabiliteit van 'n drankprodukt mag beïnvloed	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van - (a) koue stabilisasie of, in die geval van 'n druifbasisdrank of alkoholiese vrugtedrank, ook membraanskeiding of ionuitruilingsharse; (b) behandeling met enige van die toepaslike stowwe in kolom 1 van Tabel 6 gelys, onder die toepaslike wyse en voorwaardes van byvoeging in kolom 3 van daardie tabel vermeld; of (c) elektrodialise-behandeling ooreenkomstig die bepalings van nota 2.

Troebeling, kleurstowwe en proteïne	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van - (a) pasteurisering of koue stabilisasie of, in die geval van 'n druifbasisdrank of alkoholiese vrugtedrank, ook filtrasie of ionuitruilingsharse; of (b) behandeling met enige van die toepaslike stowwe in kolom 1 van Tabel 6 gelys, onder die toepaslike wyse en voorwaardes van byvoeging in kolom 3 van daardie tabel vermeld.
Vlugtige suur	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van fisiese skeidingstegnieke gevolg deur ionuitruilingsharse.
Water	Wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank	Deur middel van fisiese skeidingstegnieke. In die geval van wyn mag hierdie stof slegs verwyder word uit die mos bestem vir wyn.

Notas:

1. (a) Die behandelde wyn moet 'n wynkarakter hê.
- (b) Geen water of ander stof ander dan wat in die oorspronklike wyn voor prosessering bevat is, mag teruggeplaas word in die wyn wat behandel word nie.
- (c) Behandeling van die oorspronklike wyn mag nie begin tensy vooraf skriftelike kennisgewing daarvan aan die beherende amptenaar en die betrokke doeane en aksyns beampte gegee is nie, en die beherende amptenaar 'n monster van die oorspronklike wyn geneem het nie.
- (d) Omvattende rekords, wat volledige naspeurbaarheid vanaf die oorspronklike wyn tot die behandelde wyn verseker, van alle aksies, prosesse en stowwe betrokke, moet tot die bevrediging van die beherende amptenaar deur al die betrokke partye bygehou word.

-
- (e) 'n Behandelde wyn mag nie gebottel of verkoop word nie tensy vooraf skriftelike kennisgewing daarvan aan die beherende amptenaar gegee is, ongeag of die beherende amptenaar 'n monster van die behandelde wyn geneem het of nie.
2. (a) Hierdie behandeling moet 'n fisiese proses vir die onttrekking van ione in oorversadiging in die produk, onder die aksie van 'n elektriese veld met die hulp van membrane deurlaatbaar slegs vir anione aan die een kant, en membrane deurlaatbaar slegs vir katione aan die ander kant, wees.
- (b) Die membrane moet afwisselend rangskik word in 'n sisteem tipies van 'n filterpers of enige ander toepaslike sisteem wat kompartemente van prosessering (produk) en konsentrasie (uitskotwater) vestig.
- (c) Kationuitruilingsmembrane moet aangepas wees vir die onttrekking van slegs katione en in besonder: K^+ , Ca^{++} .
- (d) Anioonuitruilingsmembrane moet aangepas wees vir die onttrekking van slegs anione en veral van tartraatanione.
- (e) Die toerusting gebruik, moet bedryf word onder 'n kontrolestelsel wat die onbestendigheid van elke produk op so 'n wyse in ag neem dat slegs die oorversadiging in kaliumwaterstoftartraat en in kalsiumsoute uitgeskakel word.
- (f) Die toepassing van die proses moet onder die verantwoordelikheid van 'n wynkundige of spesialistegnikus plaasvind."

No. R. 526**13 July 2012****LIQUOR PRODUCTS ACT, 1989****(ACT No. 60 OF 1989)****WINE OF ORIGIN SCHEME: AMENDMENT**

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, acting under section 14 of the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989), on the recommendation of the Wine and Spirit Board referred to in section 2 of said Act, hereby amend the Wine of Origin Scheme published by Government Notice No. R. 1434 of 1990, as amended, to the extent set out in the Schedule.

T. JOEMAT-PETTERSSON,
Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries.

SCHEDULE

Definition

1. In this Schedule "the Scheme" means the Wine of Origin Scheme published by Government Notice No. R. 1434 of 29 June 1990, as amended by Government Notices No's R. 837 of 19 April 1991, R. 2842 of 29 November 1991, R.1054 of 10 April 1992, R. 2594 of 11 September 1992, R. 3231 of 27 November 1992, R. 546 of 2 April 1993, R. 1375 of 30 July 1993, R. 1021 of 27 May 1994, R. 2067 of 2 December 1994, R. 814 of 9 June 1995, R. 1875 of 8 December 1995, R. 1039 of 8 August 1997, R 834 of 26 June 1998, R 324 of 19 March 1999, R. 19 of 12 January 2001, R. 829 of 21 June 2002, R. 1306 of 25 October 2002 as corrected by R. 1503 of 6 December 2002, R.1819 of 19 December 2003, R. 835 of 26 August 2005, R. 813 of 11 August 2006 and R. 554 of 22 May 2009.

Amendment of section 9 of the Scheme

2. Section 9 of the Scheme is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (2) of the following paragraph:

"(a) Grapes harvested on land situate outside a region or district shall, if the grape harvest of that land has prior to 1 January 1973 and since customarily been pressed in a cellar in the region or district concerned, be deemed to have been harvested in that region or district, irrespective whether the boundaries of that region or district has been changed."

Amendment of section 23 of the Scheme

3. Section 23 of the Scheme is hereby amended by the insertion of the following paragraph after paragraph (h) of subsection (4):

"(i) It may, in the case of a wine produced in a cellar on a unit registered for the production of estate wine, use the word "estate" or "landgoed" if, in the opinion of the board, it is clearly only used as part of the email or web address of that unit registered for the production of estate wine."

Amendment of Table 1 of the Scheme

4. Table 1 of the Scheme is hereby amended:

- (a) by the substitution for the entry "Durif" of the entry "Durif (Petite Sirah)";
- (b) by the substitution for the entry "Mourvèdre (Mataro)" of the entry "Mourvèdre (Mataro; Monastrell; Monastrel)"; and
- (c) by the insertion in the alphabetically correct places of the entries "Graciano", "Grasa de Cotnari", "Irsay Olivier" and "Viura".

Amendment of Table 2 of the Scheme

5. Table 2 of the Scheme is hereby amended:

- (a) by the substitution for the entry "Durif" of the entry "Durif (Petite Sirah)"; and
- (b) by the substitution for the entry "Mourvèdre (Mataro)" of the entry "Mourvèdre (Mataro; Monastrell; Monastrel)".

No. R. 526**13 Julie 2012****WET OP DRANKPRODUKTE, 1989****(WET No. 60 VAN 1989)****WYN VAN OORSPRONG-SKEMA: WYSIGING**

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikel 14 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), op aanbeveling van die Wyn- en Spiritusraad bedoel in artikel 2 van genoemde Wet, wysig hierby die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1434 van 1990, soos gewysig, tot die mate in die Bylae uiteengesit.

T. JOEMAT-PETTERSSON,
Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken “die Skema” die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1434 van 29 Junie 1990, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No’s R. 837 van 19 April 1991, R. 2842 van 29 November 1991, R.1054 van 10 April 1992, R. 2594 van 11 September 1992, R. 3231 van 27 November 1992, R. 546 van 2 April 1993, R. 1375 van 30 Julie 1993, R. 1021 van 27 Mei 1994, R. 2067 van 2 Desember 1994, R. 814 van 9 Junie 1995, R. 1875 van 8 Desember 1995, R. 1039 van 8 Augustus 1997, R 834 van 26 Junie 1998, R 324 van 19 Maart 1999, R. 19 van 12 Januarie 2001, R. 829 van 21 Junie 2002, R. 1306 van 25 Oktober 2002 soos reggestel by R. 1503 van 6 Desember 2002, R.1819 van 19 Desember 2003, R. 835 van 26 Augustus 2005, R. 813 van 11 Augustus 2006 en R. 554 van 22 Mei 2009.

Wysiging van artikel 9 van die Skema

2. Artikel 9 van die Skema word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Druive wat geoes word op grond wat buite ‘n streek of distrik geleë is, word, indien die druive-oes van daardie grond voor 1 Januarie 1973 en sedertdien oudergewoonte in ‘n kelder in die betrokke streek of distrik gepars is, geag in daardie streek of distrik geoes te wees, ongeag of die grense van daardie

streek of distrik gewysig is."

Wysiging van artikel 23 van die Skema

3. Artikel 23 van die Skema word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (h) van subartikel (4) in te voeg:

"(i) Dit mag, in die geval van 'n wyn geproduseer in 'n kelder op 'n eenheid geregistreer vir die produksie van landgoedwyn, die woord "landgoed" of "estate" gebruik indien, na die mening van die raad, dit duidelik slegs gebruik word as deel van die epos- of webadres van daardie eenheid geregistreer vir die produksie van landgoedwyn."

Wysiging van Tabel 1 van die Skema

4. Tabel 1 van die Skema word hierby gewysig -

- (a) deur die inskrywing "Durif" deur die inskrywing "Durif (Petite Sirah)" te vervang;
- (b) deur die inskrywing "Mourvèdre (Mataro)" deur die inskrywing "Mourvèdre (Mataro; Monastrell; Monastrel)" te vervang; en
- (c) deur die inskrywings "Graciano", "Grasa de Cotnari", "Irsay Olivier" en "Viura" op die alfabeties korrekte plekke in te voeg.

Wysiging van Tabel 2 van die Skema

5. Tabel 2 van die Skema word hierby gewysig -
- (a) deur die inskrywing "Durif" deur die inskrywing "Durif (Petite Sirah)" te vervang;
en
 - (b) deur die inskrywing "Mourvèdre (Mataro)" deur die inskrywing "Mourvèdre (Mataro; Monastrell; Monastrel)" te vervang.

No. R. 527**13 July 2012****LIQUOR PRODUCTS ACT, 1989****(ACT No. 60 OF 1989)****LIMITATION ON THE USE OF CERTAIN PARTICULARS IN CONNECTION WITH THE
SALE OF LIQUOR PRODUCTS: AMENDMENT**

I, Tina Joemat-Pettersson, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, acting under section 11(4) of the Liquor Products Act, 1989 (Act No. 60 of 1989), hereby amend Government Notice No. R. 1432 of 29 June 1990, as amended, to the extent set out in the Schedule.

T. JOEMAT-PETTERSSON,
Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries.

SCHEDULE

Definition

1. In this Schedule "the Notice" means the Schedule to Government Notice No. R. 1432 of 19 June 1990, as amended by Government Notices No's R. 1210 of 30 May 1991, R. 835 of 26 June 1998, R. 1414 of 6 November 1998, R. 815 of 11 August 2006 and R. 556 of 22 May 2009.

Substitution of clause 4 of the Notice

2. The following clause is hereby substituted for clause 4 of the Notice:

"4. Reservation with regard to the abbreviation 'W.O.' and certain expressions

Unless authorised thereto in terms of a scheme, no person shall in connection with the sale of wine use the abbreviation "W.O." or the expressions "Wine and Spirit Board", "Wyn- en Spiritusraad", "certified" or "gesertifiseer" or any word, expression or abbreviation that so resembles the said abbreviation or expressions that it will deceive or is likely to deceive."

Insertion of clause 7 in the Notice

3. The following clause is hereby inserted after clause 6 of the Notice:

"7. Reservation with regard to the use of certain words

No person shall use in connection with the sale of a liquor product, whether produced in or imported into the Republic, the words "port", "sherry", "sjerrie", "grappa", "ouzo", "oýæi", "korn", "kornbrand", "jägertee", "jagertee", "jagatee" and "pacharan", unless that liquor product is entitled to use such a word under the Act, applicable European Union legislation or an applicable international agreement.

No. R. 527

13 Julie 2012

WET OP DRANKPRODUKTE, 1989

(WET No. 60 VAN 1989)

BEPERKING OP DIE GEBRUIK VAN SEKERE BESONDERHEDE IN VERBAND MET DIE
VERKOOP VAN DRANKPRODUKTE: WYSIGING

Ek, Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikel 11(4) van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), wysig hierby Goewermentskennisgewing No. R. 1432 van 29 Junie 1990, soos gewysig, in die mate in die Bylae uiteengesit.

T. JOEMAT-PETTERSSON,

Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Kennisgewing" die Bylae by Goewermentskennisgewing No. R. 1432 van 19 Junie 1990, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No's R. 1210 van 30 Mei 1991, R. 835 van 26 Junie 1998, R. 1414 van 6 November 1998, R. 815 van 11 Augustus 2006 en R. 556 van 22 Mei 2009.

Vervanging van klousule 4 van die Kennisgewing

2. Klousule 4 van die Kennisgewing word hierby deur die volgende klousule vervang:

"4. Voorbehoud met betrekking tot die afkorting 'W.O.' en sekere uitdrukkings

Tensy daartoe gemagtig ingevolge 'n skema, mag niemand in verband met die verkoop van wyn die afkorting "W.O." of die uitdrukkings "Wine and Spirit Board", "Wyn- en Spiritusraad", "certified" of "gesertifiseer" of enige woord, uitdrukking of afkorting wat so ooreenkom met genoemde afkorting of uitdrukkings dat dit kan mislei of waarskynlik kan mislei, gebruik nie."

Invoeging van klousule 7 in die Kennisgewing

3. Die volgende klousule word hierby na klousule 6 van die Kennisgewing ingevoeg:

"7. Voorbehoud met betrekking tot die gebruik van sekere woorde

Niemand mag in verband met die verkoop van 'n drankprodukt, hetsy geproduseer of ingevoer in die Republiek, die woorde "port", "sherry", "sjerrie", "grappa", "ouzo", "oýæï", "korn", "kornbrand", "jägertee", "jagertee", "jagatee" and "pacharan" gebruik nie, tensy daardie drankprodukt geregtig is om so 'n woord te gebruik kragtens die Wet, toepaslike Europese Unie wetgewing of 'n internasionale ooreenkoms."

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531